#117958/tm

BY-LAWS: POLOKWANE MUNICIPALITY

VERORDENINGE: POLOKWANE MUNISIPALITEIT

Administrator's Notice 323
19 February 1975

POLOKWANE MUNICIPALITY: MUNICIPAL AERODROME BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

DEFENITIONS

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates-

"Air Navigation Regulations" *means the Air Navigation Regulations, 1963, published under Government Notice R. 1779, dated 15 November 1963, as amended from time to time, or any regulations by which the same have been duly replaced;*

"aerodrome" *means the aerodrome known as the Pietersburg Municipal Aerodrome;*

"Council" *means the Town Council of Pietersburg and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-*

Administrateurskennisgewing 323
19 Februarie 1975

POLOKWANE MUNISIPALITEIT: VERORDENINGE BETREFFENDE DIE MUNISIPALE VLIEGVELD

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken-

"Aanloopbaan" 'n bepaalde reghoekige gebied wat aangelê of gebou is vir die land en opstyg van lugvaartuie al langs die lengte daarvan;

"Bestuurder" die persoon wat op daardie tydstip in die Raad se diens die amp beklee van Vliegveldbestuurder in beheer van die munisipale vliegveld en behels ook enigiemand anders wat behoorlik deur die Raad gemagtig is om names hom op te tree;

"geoorloofde maksimum massa" met betrekking tot 'n lugvaartuig, diè massa daarvan wat deur sy lugwaardigheidsertifikaat gemagtig word;

laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);	
"landing field" *means the area comprising the runways and other prepared ways for the passage of aircraft on the ground, aprons and all the land surrounding that area enclosed by a fence;*	**"geoorloofde maksimum massa"** met betrekking tot 'n lugvaartuig, diè massa daarvan wat deur sy lugwaardigheidsertifikaat gemagtig word;
"Manager" *means the person for the time being holding office under the Council as Aerodrome Manager in charge of the Municipal Aerodrome and includes such other person as may be duly authorized in any given case to act on his behalf;*	**"landingsveld"** die gebied wat beslaan word deur die aanloopbane en ander aangelegde bane vir lugvaartuie terwyl hulle op die grond ry, die landingsblaaie en al die grond wat rondom diè gebied lê en omhein is;
"maximum permissible mass" *in relation to an aircraft means its mass as authorized by its certificate of airworthiness;*	**"Lugvaartregulasies"** die Lugvaartregulasies, 1963, wat afgekondig is by Goewermentskennisgewing R. 1779 van 15 November 1963, soos van tyd tot tyd gewysig, of enige regulasies waardeur dit behoorlik vervang is;
"public enclosures" *means demarcated areas within the aerodrome set aside by the Council from time to time for use by members of the public other than persons flying in aircraft, and for the parking of vehicles;*	**"openbare omheinde plekke"** diè gedeeltes van die vliegveld wat die Raad van tyd tot tyd afsonder vir gebruik deur diè lede van die publiek wat nie in lugvaartuie vlieg nie, en as parkeerplek vir voertuie;
"runway" *means a defined rectangular area prepared or constructed for the landing and take-off run of aircraft along its length;*	**"Raad"** die Stadsraad van Pietersburg en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is;
"taxiway" *means a defined path on the aerodrome constructed for the use of taxi-ing aircraft.*	**"rybaan"** 'n bepaalde pad op die vliegveld wat gebou is vir lugvaartuie wat op die grond ry;

	"vliegveld" die vliegveld wat bekend staan as die Pietersburgse Munisipale Vliegveld.
Aviation Act and Regulations	**Die Lugvaartwet en die Lugvaartregulasies**
2. These by-laws shall be read with, and the application thereof shall be subject to the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962), as amended, and any regulations made thereunder, and nothing in the said by-laws shall be taken as purporting to contradict or derogate from the control of the aerodrome in accordance with the said Act and regulations.	2. Hierdie verordeninge moet gelees word saam met, en die toepassing daarvan is onderworpe aan die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962), soos gewysig, en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, en geen bepaling van hierdie verordeninge moet so vertolk word dat dit strydig is met, of afbreuk doen aan, die beheer van die vliegveld ooreenkomstig die bepalings van genoemde Wet en regulasies nie.
Aerodrome Hours	**Vliegveldtye**
3. The aerodrome shall be open daily for use during such hours as from time to time determined by the Council.	3. Die vliegveld is daagliks oop vir gebruik gedurende sodanige ure soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
Arrivals and Departure of Aircraft	**Die Aankoms en Vetrek van Lugvaartuie**
4(1) Immediately on landing at and before taking off from the aerodrome the pilot of the aircraft concerned shall report to the Manager and furnish him with all information reasonably required by him and shall, if requested to do so, complete an arrival form or a departure form, as the case may be.	4(1) Elke vlieënier moet hom net nadat hy op die vliegveld geland het en voordat hy daarvandaan opstyg, by die Bestuurder aanmeld en aan hom alle inligting wat hy redelikerwys nodig het, verstrek en die vlieënier moet 'n aankoms- of vertrekvorm, al na die geval, invul indien dit van hom verlang word.
(2) The pilot and every other person for the time being in charge or control of an aircraft shall ensure that adequate precautions have been taken to keep unauthorized persons at a safe distance from an aircraft before any of its	(2) Die vlieënier en elke ander persoon wat asdan in beheer van 'n lugvaartuig is, moet sorg dat daar afdoende voorsorgmaatreëls getref is om ongemagtigde persone op 'n veilige afstand van die lugvaartuig te hou voordat die

engines is started and while any engine is running.

motore aan die gang gesit word en onderwyl enige motor loop.

(3) In the absence of any arrangement to the contrary made with the Manager, in writing, all charges due in respect of an aircraft in terms of the tariff of charges set out in the Schedule hereto, shall be paid by or on behalf of its operator before it departs from the aerodrome.

(3) Tensy daar skriftelik anders met die Bestuurder gereël is, moet alle gelde wat ingevolge die tarief van gelde in die Bylae hierby uiteengesit ten opsigte van 'n lugvaartuig verskuldig is, deur of namens die eksploitant daarvan betaal word voordat so 'n lugvaartuig van die vliegveld af vertrek.

Access to Landing Field

Toegang tot die Landingsveld

5. No person may enter or be on the landing field except the following:-

5. Slegs die volgende persone kan die landingsveld betree of daarop wees:

(a) Pilots and crew of aircraft based at or using the aerodrome in the course of their duties connected with the aircraft.

(a) Die vlieëniers en bemannings van lugvaartuie wat op die vliegveld in basis is, of wat die vliegveld gebruik in die uitvoering van hulle pligte wat met die lugvaartuig in verband staan.

(b) Technical, mechanical and servicing personnel going to or from aircraft in pursuance of their official duties connected therewith.

(b) Tegniese, werktuigkundige en versieningspersoneel wat by die uitvoering van hul ampspligte in diè verband, op pad is na of van lugvaartuie

(c) Pupil pilots going to or from aircraft for purposes of instruction or practice.

(c) Leerling-vlieëniers wat vir die doel van onderrig of oefening op pad is na of van lugvaartuie.

(d) Members of the aerodrome's ground staff on duty, and other aerodrome officials authorized by the Manager.

(d) Diensdoenende lede van die vliegveld se grondpersoneel en ander vliegveldbeamptes wat die Bestuurder daartoe gemagtig het.

(e) Aircraft passengers as long as they are passing directly between their aircraft and the public enclosures, or otherwise moving under the directions of the Manager or his staff.

(e) Lugvaartpassasiers, slegs terwyl hulle regstreeks van hulle lugvaartuig na die openbare omheinde plekke, of omgekeerd, op pad is, of andersins in opdrag van die Bestuurder of sy personeel beweeg.

(f) *Any person previously specified in this section having express authority from the Manager to enter the landing field.*

(f) Enigiemand wat nog nie in hierdie artikel genoem is nie, en aan wie die Bestuurder uitdruklik magtiging verleen het om die landingsveld te betree.

Regulation or Prohibition of Vehicular Traffic and Pedestrians

Reëling van of Verbod op Voertuigverkeer en Voetgangers

6(1) *Motor cars and other vehicles shall, in the absence of any special direction given by the Manager, only be parked in areas designated for that purpose by notices and within any lines marked on the surface of any such area or as directed by the Manager of his nominee: Provided that this subsection shall not apply to any officer of the Council employed at the aerodrome while acting in the course of his official duties.*

6(1) Motorkarre en ander voertuie moet, tensy die Bestuurder ‘n spesiale opdrag in diè verband gegee het, slegs op plekke wat deur middel van kennisgewings vir diè doel aangedui is, en tussen strepe wat op die oppervlak van so ‘n plek aangebring is, of op ‘n wyse wat die Bestuurder of sy benoemde voorgeskryf het, geparkeer word: Met dien vestande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie op ‘n beampte van die Raad wat op die vliegveld werksaam is en met die uitvoering van sy ampspligte besig is.

(2) *The Manager may at any time without previous notice, and either permanently or for such period as he may determine, prohibit or restrict in such manner as he may deem necessary the admission of persons or vehicles to the aerodrome or any particular part thereof.*

(2) Die Bestuurder kan te eniger tyd, sonder om vooraf daarvan kennis te gee, òf permanent, òf vir ‘n tydperk wat hy mag bepaal, die toelating van mense of voertuie tot die vliegveld òf tot enige bepaalde gedeelte daarvan, verbied of beperk op ‘n wyse wat hy noodsaaklik ag.

(3) *The Manager may, if it is deemed necessary for the proper control of the aerodrome, direct the person in lawful charge of a vehicle which is parked on the aerodrome to move the vehicle-*

(3) Die Bestuurder kan, as hy dit noodsaaklik ag vir die behoorlike beheer van die vliegveld, die persoon wat wettig in beheer van die op die vliegveld geparkeerde voertuig is, aansê om die voertuig-

(a) *to another place on the aerodrome indicated by the Manager; or*

(a) te verskuif na ‘n ander plek op die vliegveld wat die Bestuurder aanwys; of

(b) *from the aerodrome;*

(b) van die vliegveld af te verwyder;

and if such person refuses or fails or is not present to comply forthwith such direction, the Manager may have that vehicle moved to such other place or from the aerodrome and any such action by the Manager shall not exempt such person from prosecution in respect of such refusal or failure.

as so iemand weier of nalaat of nie daar is nie om onmiddellik uitvoering aan die Bestuurder se opdrag te gee, kan laasgenoemde so ‘n voertuig na die ander aangewese plek toe of van die vleigveld af laat verwyder, en so ‘n optrede van die kant van die Bestuurder, vrywaar die betrokkene geensins van vervolging ten opsigte van die weiering of versuim nie.

(4) Motor vehicles may not be driven on the taxiways or runways without special permission from the Manager.

(4) Sonder die Bestuurder se uitdruklike verlof, mag niemand met enige motorvoertuig op die aanloop- of die rybane van die vliegveld ry nie.

(5) Pedestrians and persons in vehicles at the aerodrome shall be subject to the supervision of the Manager and shall obey such directions with regard to their movements as he shall consider necessary to give in the interests of safety or the good management of the aerodrome.

(5) Voetgangers en bestuurders en insittendes van voertuie op die vliegveld staan onder die beheer van die Bestuurder, en moet alle opdragte uitvoer ten opsigte van hulle bewegings wat hy veiligheidshalwe of ter wille van die goeie bestuur van die vliegveld noodsaaklik ag en uitreik.

(6) No person under the age of fourteen years, not being an authorized passenger in an aircraft, shall enter the aerodrome unless accompanied by and under the supervision of an adult person.

(6) Niemand wat jonger as veertien jaar is en wat nie ‘n gemagtigde passasier van ‘n lugvaartuig is nie, mag die vliegveld betree nie, tensy hy deur ‘n volwassene vergesel word of onder so iemand se toesig staan.

(7) The Manager shall have the right to remove from the aerodrome any such unaccompanied child under the age of fourteen years, not being an authorized passenger in an aircraft, and to require the removal therefrom by the adult in charge of him, of any such child whose conduct is, in the opinion of the Manager, prejudicial to the amenities and proper management of the aerodrome.

(7) Die Bestuurder kan so ‘n kind wat nie aldus vergesel word nie, wat jonger as veertien jaar is, en nie ‘n gemagtigde passasier op ‘n lugvaartuig is nie, van die vliegveld af verwyder, en kan die volwassene wat goed staan vir so ‘n kind wie se gedrag na die mening van die Bestuurder, nadelig vir die geriewe en die behoorlike bestuur van die vliegveld is, gelas om so ‘n kind van die vliegveld af te verwyder.

General Conduct of Persons	**Die Algemene Gedrag van Mense**
7(1) It shall be a contravention of these by-laws to do any of the following acts within or on the boundary of the aerodrome:-	7(1) Enigiemand begaan ‘n misdryf as hy binne of op die grense van die vliegveld-
(a) To place or affix any placard or notice without the written prior consent of the Manager.	(a) ‘n plakkaat of kennisgewing plaas of aanbring sonder om eers die skriftelike toestemming van die Bestuurder daartoe te verkry;
(b) To climb any tree, building or other structure.	(b) in ‘n boom of teen enige gebou of ander bouwerk opklim;
(c) To uproot or injure any tree or plant or pick any flower.	(c) ‘n boom of plant uittrek, uithaal of beskadig, of ‘n blom pluk;
(d) To light or in any other manner cause a fire, or smoke or bring an open flame into-	(d) ‘n vuur aansteek, of op enige ander wyse vuur of rook laat ontstaan en ‘n oop vlam in aanraking bring met-
(i) any place where such act is prohibited by a notice displayed on the direction or with the permission of the Manager; or	(i) enige plek waar so ‘n optrede verbode is by kennisgewing wat in opdrag of met die verlof van die Bestuurder aldaar aangebring is; of
(ii) any place within 15 m of an aircraft or of any vehicle used for the supply of fuel to an aircraft or a store or dump of liquid fuel or explosives.	(ii) enige plek, binne 15 m van ‘n lugvaartuig of van enige voertuig af wat gebruik word vir die lewering van brandstof aan ‘n vliegtuig, of ‘n voorraad- of opslagplek van vloeibare brandstof of ontploffingsmiddels.
(e) To tamper or interfere with any fire-hose reel, hydrant or any other item of equipment provided solely for fire-fighting purposes, or in the event of a fire, to interfere with or take part in any rescue or fire-fighting operation, unless he shall have been asked to do so by the official in charge of such operation.	(e) hom bemoei of peuter met enige brandslangtol, brandkraan of enige ander stuk uitrusting wat uitsluitlik vir brandbestryding daar aangebring is, of, in die geval van ‘n brand, hom bemoei met of deelneem aan enige reddings- of brandbluswerk, tensy die verantwoordelike beampte sy hulp aldus ingeroep het.
(f) To discharge any firearm or	(f) ‘n vuurwapen of windbuks aftrek,

	airgun or set off any firework, to use a catapult or to throw any stone or other object.		of vuurwek laat afgaan, met ‘n rek skiet, met slingervel of klippe of ander voorwerpe gooi;
(g)	*To affix or distribute any pamphlet, book, handbill or other printed matter or other article without the written consent of the manager previously obtained.*	(g)	enige pamflet, boek, strooibiljet of ander drukwerk of enige artikel aanplak, plaas of versprei, sonder om eers die skriftelike toestemming van die Bestuurder daartoe te verkry;
(h)	*For any man or woman to enter any public convenience marked as being reserved for persons of the opposite sex.*	(h)	‘n openbare toiletgebou waarop aangedui word dat dit nie vir sy of haar geslag afgesonder is nie, binnegaan;
(i)	*For any person to enter any building or place in disregard of a notice prohibiting such entry*	(i)	‘n gebou of plek binnegaan strydig met ‘n kennisgewing wat dit belet;
(j)	*To play any musical instrument, operate any sound reproducing device, sing or make any speech without the written consent of the Manager previously obtained.*	(j)	‘n musiekinstrument speel, ‘n geluidweergeetoestel gebruik, sing of ‘n toespraak hou sonder om eers die skriftelike toestemming van die Bestuurder daartoe te verkry;
(k)	*To cause any obstruction, disturbance or nuisance or commit any act causing annoyance to other persons using the aerodrome or lawfully present thereat.*	(k)	‘n belemmering, stoornis of oorlas veroorsaak, of enigiets doen wat tot ergernis van die ander mense wat die vliegveld gebruik of wat wettig daarop is, strek;
(l)	*To enter or leave the aerodrome or any part thereof except by means of the entrances or exits marked as being provided for that purpose.*	(l)	die vliegveld of enige gedeelte daarvan op ‘n ander wyse as deur middel van enigeen van die in- of uitgange wat kennelik vir diè doel verskaf is, binnekom of verlaat;
(m)	*To bring into, or allow any animal to enter the aerodrome, unless it is kept on a lead or otherwise kept under control.*	(m)	‘n dier inbring of laat inkom, tensy dit aan ‘n tou of riem vasgehou, of op ‘n ander wyse onder beheer gehou word;
(n)	*To hinder, obstruct or in any other way interfere with any employee of the Council in the execution of his duties, or any other person in the execution of any duty*	(n)	‘n werknemer van die Raad in die uitvoering van sy pligte, of enigiemand in die uitvoering van sy pligte wat met lugvaartuie in verband staan, hinder, belemmer, of hom op enige wyse met so ‘n werknemer of

connected with aircraft.

(o) To fail to close any gate in any fence enclosing the landing field immediately after passing through it.

(2) The Manager shall have the right-

(a) to impound any animal found within the aerodrome in terms of the Regulations for the Administration of Pounds in Local Authority Areas, published under Administrator's Notice 2, of 2 January, 1929, or to cause such animal, if injured or diseased, to be removed or destroyed;

(b) to cause any animal, not falling within the terms of the aforesaid Regulations, which may be found within the aerodrome to be removed or destroyed, as the case may be

General Control of Aircraft and Pilots

8(1) The owners and pilots of aircraft making use of the aerodrome shall be jointly and severally responsible for any damage resulting to the aerodrome or any building, installation, structure, appliance or other property therein from-

(a) the failure of a pilot or of any member of the crew of the aircraft to comply with these by-laws or the Air Navigation Regulations; or

(b) the commission by any such person of any act of negligence.

(2) The Manager shall be entitled to move any aircraft, vehicle or article or to do any other thing

persoon bemoei;

(o) versuim om 'n hek in 'n heining om die landingsveld toe te maak sodra hy daardeur gegaan het.

(2) Die Bestuurder het die reg om-

(a) enige dier wat binne die vliegveld gevind word ingevolge die Regulasies vir die Beheer van Skutte in Plaaslike Outoriteit Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 2 van 2 Januarie 1929, te skut of so 'n dier, indien dit beseer of siek is, te laat verwyder of afmaak;

(b) enige dier wat nie binne die bepalings van voornoemde Regulasies val nie en wat binne die vliegveld gevind word, te laat verwyder of afmaak, al na die geval.

Algemene Beheer oof Lugvaartuie en Vlieëniers

8(1) Die eienaars en vlieëniers van lugvaartuie wat van die vliegveld gebruik maak, is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir enige skade wat aan die vliegveld of enige gebou, installasie, struktuur, toestel of ander eiendom daarop, aangerig word deurdat-

(a) 'n vlieënier of 'n lid van die bemanning van die lugvaartuig versuim het om aan die bepalings van hierdie verordeninge of van die Lugvaartregulasies te voldoen; of

(b) so iemand hon aan nalatigheid van enige aard skuldig gemaak het.

(2) Die Bestuurder het die reg on enige lugvaartuig, voertuig of artikel te verskuif, of on enigiets

necessary to enforce compliance with these by-laws and the Air Navigation Regulations, and neither the Manager nor the Council shall be held liable for the consequences of any action properly taken by him in pursuance of the provisions of this section.

anders te doen wat nodig is om te kan sorg dat daar aan hierdie verordeninge en die Lugvaartregulasies voldoen word, en nòg die Bestuurder, nòg die Raad is aanspreeklik vir die gevolge van enige stap wat hy behoorlik kragtens die bepalings van hierdie artikel doen.

(3) Aircraft shall be parked in accordance with directions given by the Manager.

(3) Lugvaartuie moet ooreenkomstig die opdragte van die Bestuurder geparkeer word.

(4) The person concerned in or responsible for the parking of an aircraft shall ensure that the aircraft is firmly secured to the ground when left unattended or during weather likely to cause the aircraft to move.

(4) Elke betrokkene wat te doen het met, of verantwoordelik is vir, die parkering van ‘n lugvaartuig, moet sorg dat die lugvaartuig behoorlik aan die grond bevestig is wanneer dit onbewaak of in weer wat die lugvaartuig kan laat beweeg, gelaat word.

(5) Neither the Council nor its servants shall be liable for any theft from or damage to an aircraft occurring while it is at the aerodrome and particularly not for any damage occurring so such aircraft while being moved in or out of hangars, parked or moved from one position to another on the aerodrome.

(5) Nòg die Raad nòg sy dienaars is aanspreeklik vir enige diefstal uit, of beskadiging van, ‘n lugvaartuig terwyl dit op die vliegveld is, en hulle is in die besonder nie aanspreeklik vir enige skade wat aan so ‘n lugvaartuig berokken word terwyl dit in of uit die loods gestoot, geparkeer of van een plek na ;n ander op die vliegveld verskuif word nie.

(6) No aircraft shall be left unattended within the landing area.

(6) Geen lugvaartuig mag onbewaak op die landingsveld gelaat word nie.

(7) No engine of an aircraft shall be started unless there is a pilot or a competent engineer in the cockpit.

(7) Geen lugvaartuigmotor mag aan die gang gesit word nie, tensy daar ‘n vlieënier of bevoegde ingenieur in die stuurkajuit is.

(8) No engine shall be run if the aircraft is in such a position that the resulting air-stream blows into or against any building, aircraft or person and unless effective and properly constructed chocks are

(8) Geen lugvaartuigmotor mag loop indien die lugvaartuig so staan dat die lugstroom van die motore in, of teen ‘n gebou, lugvaartuig of persoon geblaas word nie en tensy daar toereikende en behoorlike

placed in front of its wheels, whether or not they are fitted with brakes.

wielblokke voor sy wiele geplaas is, ongeag daarvan of die wiele remme aan het of nie.

(9) No chock, drum, loading step, trestle or other equipment or object capable of causing an obstruction shall be left on the landing field except when its presence there is actually and immediately necessary.

(9) Geen wielblok, konka, laaitrap, bok of ander uitrusting of voorwerp wat ‘n belemmering kan veroorsaak, mag wanneer dit nie werklik en onmiddellik nodig is nie, op die landingsveld gelaat word nie.

(10) Save in an emergency no application for the use of night landing facilities shall be granted unless received by the Manager or his authorized representative during office hours.

(10) Behalwe in ‘n geval van nood, word geen aansoek om die gebruik van naglandgeriewe toegestaan nie, tensy die Bestuurder of sy gemagtigde verteenwoordiger diè aansoek gedurende kantoorure ontvang het.

(11) The Manager or his representative may stop an aircraft, pilot or passenger from leaving the aerodrome on instructions from-

(11) Die Bestuurder of sy verteenwoordiger kan ‘n lugvaartuig, vlieënier of lugpassasier belet om die vliegveld te verlaat in opdrag van-

(a) the Department of Transport (Civil Aviation);

(a) die Departement van Vervoer (Burgerlugvaart);

(b) the Department of Immigration;

(b) die Departement van Immigrasie;

(c) the Department of Customs and Excise; or

(c) die Departement van Doeane en Aksyns; of

(d) the South African Police.

(d) die Suid-Afrikaanse Polisie.

Removal of damaged or Disabled Aircraft

Verwydering van Beskadigde of Defekte Lugvaartuie

9(1) The operator of any damaged or disabled aircraft shall, if directed to do so by the Manager, move such aircraft or any part thereof or any cargo or thing carried therein to another place on the aerodrome indicated by the Manager, or from the aerodrome.

9(1) Die eksploitant van ‘n beskadigde of defekte lugvaartuig moet, as die Bestuurder hom gelas om sulks te doen, so ‘n lugvaartuig of enige deel daarvan of enige vrag of ding wat daarin of daarop gelaai is, na ‘n ander plek op die vliegveld wat die Bestuurder aanwys, of heeltemal van die vliegveld af te verwyder of verskuif.

(2) If the operator of a damaged or disabled aircraft refuses or fails or is not present to comply forthwith with any direction given by the Manager in terms of subsection (1), the Manager may take all steps necessary to ensure that such direction is complied with as expeditiously and safely as possible and may recover from the operator of that aircraft the cost incurred in ensuring compliance with such direction and any such action by the Manager shall not exempt such operator from prosecution in respect of such refusal or failure.

(2) As die eksploitant van 'n beskadigde of defekte lugvaartuig weier of nalaat of nie aldaar is nie om onverwyld uitvoering te gaan aan enige opdrag wat die Bestuurder ingevolge subartikel (1) gegee het, kan laasgenoemde alle nodige stappe doen om te verseker dat so 'n opdrag so spoedig en veilig doenlik uitgevoer word, en kan hy die koste wat die uitvoering van so 'n opdrag meebring, op die betrokke lugvaartuig se eksploitant verhaal, en enige sodanige optrede deur die Bestuurder vrywaar nie gemelde eksploitant van vervolging in verband met so 'n weiering of nalating nie.

Supply of Fuel to Aircraft

Verskaffing van Brandstof aan Lugvaartuie

10(1) No person shall on the aerodrome supply fuel to any aircraft except at a place and in a manner approved of by the Manager.

10(1) Behalwe op 'n deur die Bestuurder goedgekeurde plek en wyse, mag niemand op die vliegveld brandstof aan enige lugvaartuig verskaf nie.

(2) The Manager may make any approval granted by him in terms of subsection (1) subject to compliance with such conditions as he may consider necessary to impose in order to safeguard persons or property on the aerodrome and he may from time to time vary or add to any condition so impose or withdraw his approval

(2) Die Bestuurder kan ten opsigte van enige deur hom ingevolge subartikel (1) verleende goedkeuring, die voorwaardes wat hy nodig ag vir die uitvoering van gemelde taak stel ter beveiliging van persone of eiendom op die vliegveld, en hy kan van tyd tot tyd enige aldus gestelde voorwaarde wysig of aanvul of sy goedkeuring terugtrek.

Persons or Cargo Carried in Aircraft Arriving from Outside the Republic

Persone of Vragte op Lugvaartuie wat van Buite die Republiek kom

11. No person shall be disembarked or cargo unloaded from aircraft arriving on the aerodrome from any point outside the Republic of South Africa until permission for such disembarkation or unloading has been granted by the

11. Niemand mag toegelaat word om af te klim of vrag mag nie afgelaai word nie van 'n lugvaartuig wat van enige plek buite die Republiek van Suid-Afrika op die vliegveld aankom, voordat toestemming vir die afklim of aflaai deur enigeen

Customs, Civil Aviation, south African Police, Immigration or Health Authorities, or, if necessary, by all these authorities

van die ondergemelde owerhede, of, so nodig, deur almal van hulle saam, verleen is, naamlik die Doeane-, die Burgerlugvaart-, die Suid-Afrikaanse Polisie-, die Immigrasie- of die Gesondheidsowerhede.

Boarding or Tampering with Aircraft

Die Bestyg van of Peuter met Lugvaartuie

12. *Except with the permission of the person in lawful charge of an aircraft, no person shall on the aerodrome-*

12. Behalwe met die verlof van die persoon wat wettig in bevel staan van ‘n lugvaartuig, mag niemand op die vliegveld-

(a) *board such aircraft; or*

(a) so ‘n lugvaartuig bestyg; of

(b) *tamper or interfere in any way whatsoever with such aircraft or anything used in connection therewith.*

(b) op enige wyse hoegenaamd peuter of torring aan so ‘n lugvaartuig of enigiets wat in verband daarmee gebruik word nie.

Use of Hangars

Gebruik van Loodse

13. *The hangars, buildings and other facilities on the aerodrome shall be under the control of the Manager and the use thereof shall be subject to such conditions as he may impose from time to time*

13. Die Bestuurder het die beheer oor die loodse, geboue en ander fasiliteite op die vliegveld en hy stel van tyd tot tyd die voorwaardes wat vir die gebruik van gemelde dinge geld.

Trading

Handeldryf

14. *No person shall engage in the sale of refreshments or in the sale of hire of any other commodity or in the rendering for reward or otherwise of any service within the boundary of the aerodrome unless having obtained a written permit to do so given by the Council under the hand of the Town Clerk, and no person to whom such a permission has been given shall continue to engage in any activity as aforesaid after 30 days unless having obtained and produced to*

14. Niemand mag binne die grense van die vliegveld verversings verkoop of enige ander handelsartikel verkoop of verhuur, òf teen beloning òf andersins enige diens lewer nie, tensy hy ‘n skriftelike permit daarvoor het wat die Stadsklerk namens die Raad onderteken het, en niemand aan wie so ‘’n vergunning verleen is, mag langer as 30 dae met enigeen van voormelde bedrywighede voortgaan nie, tensy hy ‘n toepaslike handelslisensie verkry en dit aan die Bestuurder getoon

the Manager the appropriate trading license: Provided that this section shall not apply to any canteen operated by an employer solely for the benefit of his employees.

het: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is op ‘n werkgewer wat ‘n verversingsplek uitsluitlik vir sy werknemers aanhou nie.

Offences and Penalties

Misdrywe en Strafbepalings

15. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws or a prohibition made or a direction given or a condition imposed in terms thereof shall be guilty of an offence and shall on conviction, be liable to a fine not exceeding R100 or, in default of payment, imprisonment for a period not exceeding six months.

15. Enigiemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge of ‘n verbod, las of voorwaarde opgelê ingevolge daarvan oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skudig aan ‘n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met ‘n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir ‘n tydperk van hoogstens ses maande.